**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 1 9 1 | 8 1 8 1 6 2 2 8 | 3 2 9 | 1 7 5 7 |

81 8. 16.

RAPPORT Jg.......... Nr. 33 P. 11 Dat..........

TREFWOORDE
1 Badenhorst Frik
2 Laudium
3 Stedelike Terrorisme
4 Voortrekkerhoogte
5 Vuurpyle
6 Aanvalle
7 Polisie
8 Ondersoeke
9
10

# Polisiemanne trap toe so amper op terroriste in donker bosse

Van FRIK BADENHORST

PRETORIA.

**DIT was so hittete of twee jong polisiemanne van Erasmia naby Pretoria het Woensdagnag die terroriste wat Voortrekkerhoogte met vuurpyle bestook het, betrap. In die donker het hulle in 'n ruigte 'n paar tree van die verskuilde terroriste verbygestap.**

Hulle was al 'n ent verby toe die terroriste op hulle losbrand en die koeëls om hul ore fluit.

Met 'n paar uitsoekwoorde het hulle na die skuts gaan soek om hulle te gaan toesluit, maar eers laat die nag werklik besef met wie hulle te doen het.

Hulle is vroeër die aand uitgeroep om die vrede te herstel in 'n huislike rusie in die Indiërwoonbuurt Laudium en was net op pad terug toe hulle oor die polisieradio hoor van 'n skietery in die woongebied wat hulle pas verlaat het.

Hulle het kortpad deur die veld gekies en amper direk op die toneel afgekom waar 'n Indiërseun, Zahid Patel, geskiet is. Vinnig het hulle verneem dat vier swart mans vir die skietwerk verantwoordelik was en dat hulle met 'n bakkie die veld in is.

Sers. Hennie Pieterse en konst. Johann Otto het eers met hul voertuig in die veld gesoek en toe hulle nie die bakkie teëkom nie, na die toneel van die skietery teruggekeer.

Hulle het die soektog te voet voortgesit. Met 'n slingerpad het hulle tussen ruie kakiebos deurgestap en was sowat tweehonderd meter die donker in toe die skote agter hulle klap.

„Later het ons vasgestel dat ons binne drie tree van die verskuilde terroriste verbygestap het. Waarom hulle ons nie toe plat geskiet het nie, weet net hulle," sê sers. Pieterse.

Terwyl hulle plat in die veld gelê het, het hulle verder weg ook skote gehoor. Ons was onder die indruk dis 'n skietery tussen van die plaaslike inwoners en het toe gery in die rigting van waar ons gedink het die skote kom" vertel sers. Pieterse.

Hulle het op 'n groep Indiërs in die straat afgekom wat in meer besonderhede vertel het wat gebeur het. Op die skiettoneel het hulle patroondoppies en later die doppies van die AK - 47 - gewere opgetel. Toe het hulle besef daar is moeilikheid.

„Ons het gehoor die Indiërs het voorwerpe gesien wat met 'n vlammestert deur die lug getrek het. Ons het hulp ontbied en ook oor die radio gehoor van ontploffings in die woongebied van Voortrekkerhoogte.

„Ek het gemeen dit was 'n RPG - 7 - vuurpyl. Ons het weer gaan soek en toe die buis van die vuurpylwerper en sy voetstuk aan weerskante van die pad gevind. Die terroriste moes die wapen daar weggegooi het terwyl hulle gevlug het," vertel sers. Pieterse.

Met die hulp van 'n hondemeester en 'n polisiehond het hulle later die nag op 'n magasyn van 'n AK - 47 - geweer afgekom en ook die plek waar die terroriste geskuil het.

„As ons 'n paar minute vroeër was, het ons die terroriste op heter daad betrap" sê sers. Pieterse.